Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
**Patience Nobanele Funani**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Nobanele.Funani@westerncape.gov.za | 021 467 2243

Lêerno.: 3/3/2/4/4/1
Verwysing: 20230912- 8032

Strategiese Mensbestuursminuut: 0012/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale

**Onderwerp: Erkenning van Verbeterde Kwalifikasies (EVK-) proses vir werknemers wat ingevolge die Staatsdienswet aangestel is**

1. Strategiese Mensbestuursminuut 0007/2019, gedateer 29 Julie 2019, verwys.

2. Die ondersteuning vir studie tot verbeterde kwalifikasies is gefokus op alle werknemers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) aangestel is. Dit sluit ook dié in wat deur 'n Beroepspesifieke Dispensasie (BSD) gedek word. Beurse word jaarliks geadverteer vir spesifieke studierigtings wat met die WKOD se behoeftes ooreenstem. Hierdie beurse dek die volle onderrigkoste. Voorsiening word ook gemaak vir Erkenning van Verbeterde Kwalifikasies, ingevolge die Wet op die Staatsdiens se Koördinerende Bedingingsraad (PSCBC) Resolusie No. 1 van 2012, Algemene Staasdienssektor Bedingingsraad (ASBDR) Resolusie No. 5 van 2014, en Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) Omsendbrief HRD 3 van 2015, gedateer 14 Augustus 2015.

3. Hierdie minuut moet saamgelees word met die volgende: ASBDR Resolusie No. 1 van 2012 ASBDR Resolusie No. 5 van 2014 en die DSA Omsendbrief HRD 3 van 2015, gedateer 14 Augustus 2015.

4. Ingevolge die DSA se Omsendbrief HRD 3 van 2015, gedateer 14 Augustus 2015, sal 'n werknemer wat beoog om vir 'n kwalifikasie te registreer, waarna hy/sy ná voltooiing vir 'n kontantbonus oorweeg wil word, eers toestemming by die Hoof van die Departement moet versoek om vir sodanige kwalifikasie te registreer.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaap Onderwysdepartement

5. ʼn WKOD-werknemer wat ingeskryf het vir die verbetering van sy/haar kwalifikasie ná die implementeringsdatum in ASBDR Resolusie Nr. 5 van 2014, en voordat die WKOD sy eie kriteria ingestel het, sal in aanmerking kom om ʼn kontantbonus te ontvang, mits die kwalifikasie wat verwerf is, binne die WKOD se goedgekeurde kriteria val sodra dit beskikbaar word. Die voorwaardes wat in paragraaf 5 van ASBDR Resolusie No. 5 van 2014 beskryf word, sal van toepassing wees. Hierdie bepaling **verval egter op 30 November 2023**, wat beteken dat 'n werknemer aansoek moet doen voordat hy/sy verdere studie tot ʼn verbeterde kwalifikasie begin, goedkeuring moet kry, en ná afloop van sy/haar studie, bewys moet indien om 'n kontantbonus ooreenkomstig die EVK te ontvang.

6. Die volgende proses is van toepassing:

6.1 Die Direkteur: Strategiese Mensbestuur sal alle versoeke waarna in paragraaf 4 en 5 hierbo verwys word, oorweeg. Versoeke sal deur beide die werknemer, wat beoog om te studeer, asook die onmiddellike bestuurder, op die EVK-aansoekvorm voltooi word.

6.2 Aansoekvorms kan verkry word vanaf en moet teruggestuur word aan:
**Me. Patience Funani/Me. Buyiswa Mpama**
**Direktoraat: Strategiese Mensbestuur**
**7de Vloer, Wharfplein-noord 1**
**Laer Loopstraat 2**
**Strandgebied**
**Kaapstad**
**8001**

6.3 Elke versoek moet vergesel word van die kursusraamwerk van die beoogde kwalifikasie, die posbeskrywing van die werknemer en die koste van die kursus.

6.4 Die Direkteur: Strategiese Mensebestuur sal binne een maand vanaf die datum wat die versoek ingehandig is, geskrewe terugvoer lewer om te bevestig of die versoek goedgekeur is, al dan nie. Indien die versoek afgekeur word, sal redes daarvoor verstrek word.

7. ʼn Werknemer wat ʼn gedeeltelike of volle staatsbeurs vir die verwerwing van ʼn verbeterde kwalifikasie ontvang, sal nie in aanmerking kom vir die eenmalige kontantbonus waarna in paragraaf 5 hierbo verwys word nie.

8. ʼn Kontantbonus kan slegs vir een voltooide verbeterde kwalifikasie betaal word (kyk paragraaf 6.7 van ASBDR Resolusie No. 5 van 2014).

9. Die EVK-proses wat hierbo uiteengesit word, vervang egter nie die staatsdiensbeursskema wat in die WKOD bestaan nie. Hierdie is twee afsonderlike prosesse en amptenare kan slegs by een van die twee voordeel trek; óf die staatsdiensbeursskema óf die EVK.

10. Die Direktoraat: Strategiese Mensbestuur sal slegs EVK-versoeke, wat vooraf goedgekeur is, oorweeg.

11. Aansoeke vir EVK word jaarliks vanaf September tot Oktober aanvaar. Aansoeke wat buite hierdie tydperk ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

12. Enige navrae in hierdie verband kan gerig word aan me. Patience Funani by tel. 021 467 2243 of via e-pos aan Patience.Funani@westercape.gov.za, of me Buyiswa Mpama by tel. 021 467 2550 of via e-pos aan Buyiswa.Mpama@westerncape.gov.za.

13. Dit sal waardeer word indien die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes gebring kan word.

**GETEKEN:** M CRONJE
**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-10-06